

9 Februarie - BEWYS

Skrifgedeelte: Lukas 3:7-14

Fokusgedeelte: Lukas 3:8

Johannes die Doper het met sy prediking die fokus op bekering geplaas. Hy het gesê: *Die byl lê al klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekop en in die vuur gegooi.*

Die groot probleem in Johannes se tyd, sowel as in ons leeftyd vandag, is die feit dat mense se woorde en dade so hemelsbreed van mekaar verskil. Destyds het mense daarop geroem dat hulle God se volk is, en dit bloot net omdat hulle Abraham as voorvader het. Toe Johannes egter vir hulle begin preek, noem hy hulle 'n klomp slange!

Vandag gaan dit ook nie juis veel beter nie. Jy kry dikwels mense wat aan die kerk behoort en sê hulle is gelowiges, maar dan weerspreek hulle op 'n gruwelike wyse juis hierdie aanspraak met hulle optrede.

Johannes sê: *Dra liever vrugte wat BEWYS dat julle bekeer is.*

'n Goeie boom bewys immers dat hy goed is deur goeie vrugte te dra. Hoe kan ons dan goeie vrugte dra? Ons gelowiges se goeie vrugte is alles behalwe ons eie prestasies. Ons kan net goeie vrugte dra as ons, soos lote, aan die ware wingerdstok vas is (vgl. Joh15:5). Uit onself, dit wil sê as ons sonder Christus is, kom daar net praktyke voort wat eie is aan ons sondige natuur (vgl. Gal 5:19-21). Daarenteen is ons vrugte wat bewys dat ons bekeer is, juis nie iets wat ons self tot stand kan bring nie. Dit is uit en uit net die vrug van die Gees (Gal 5:22 en 23).

Kom ons ondersoek elkeen eers ons eie optrede. Dit is so maklik om na iemand anders te kyk en dan sy optrede te kritiseer. Kom ons kyk vir 'n slag hoe lyk ons met ons optrede vir ander mense. Eers as jy dit begin regkry om met ander se oë na jouself te kyk, sien jy werklik hoe jy lyk. Eers dan kan 'n mens bepaal of jy met jou optrede regtig bewys dat jy bekeer is.

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4 & 5

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)